



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V2

PRAKTIES

NOVEMBER 2009

PUNTE: 100

TYD: Moet aan gewerk word gedurende die derde en/of die begin van die vierde kwartaal, deur 'n minimum van 6 uur en 'n maksimum van 18 uur te gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie eksamen bestaan uit twee afdelings:

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK**AFDELING B: DIE KUNSWERK**

2. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A en B.

3. Hierdie eksamen moet deur jou opvoeder bekendgestel en gefasiliteer word.

4. In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe om idees te ontwikkel in antwoord op 'n projekopdrag.
- Demonstreer 'n gevorderde graad van tegniese vaardighede in die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke.
- Los visuele en konseptuele probleme op deur die skep van verbeeldingryke en vernuwende kunswerke in 'n persoonlike, ekspressiewe, visuele taal.
- Bestuur tyd en die werksproses effektief, en bied eie werk op 'n professionele manier aan om die ekspressiewe en konseptuele impak daarvan te verhoog.

5. Jou finale praktiese kunseksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar.

Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal ten toon gestel word. Daar word gehoop dat jy dit sal geniet om die kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees en jou persoonlike ervarings sal uitdruk.

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL

Die bronboek maak 'n belangrike deel uit van hierdie eksamen. Jy mag in die klas en by die huis daaraan werk. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, alternatiewe wat jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk lei. Jou bronboek moet 'n duidelike beeld van jou denkprosesse weergee.

Hierdie bronboek MOET duidelik as eksamenwerk gemerk wees en apart van jou jaarwerk-bronboek aangebied word.

Direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ensovoorts word nie toegelaat nie. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Groot klem word geplaas op die proses om bronmateriaal te transformeer.

As jy van toepaslike geleende beelde gebruik wil maak, moet jy dit met jou eie, oorspronklike beelde kombineer om jou eie interpretasie te skep.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale werk te ontwikkel en moet jou kreatiwiteit as 'n kunstleerder reflekteer deur esteties opwindend en kreatief in die aanbieding te wees.

Die volgende moet as 'n kontrolelys vir jou bronboek gebruik word:

- Hierdie eksamenopdrag moet VOOR in jou eksamenbronboek geplak word.
- Ten minste EEN geskrewe bladsy van jou voorstel/intensie/idee.
- Ten minste VIER bladsye van ondersoek en navorsing van benaderings en/of idees wat bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, beelde, geskrewe dele en navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het, insluit. Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en jou besluite staaf.
- Dit is belangrik om die bronne te verpersoonlik en oorspronklike voorbereiding-/komposisionele sketse en tekeninge te maak, gebaseer op jou bronne.
- TEN MINSTE TWEE KOMPOSISIETEKENINGE/-COLLAGES/-ASSEMBLAGES.
- Ten minste EEN bladsy waarin jy skriftelik reflekteer oor hoe jy die projek ervaar, bestuur en voltooi het.
- As jou werk meer prosesgeöriënteerd is, moet jy bewyse van die kreatiewe proses insluit deur dokumentasie deur middel van oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge.

AFDELING B: DIE KUNSWERK

Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te produseer IN DIE PRAKTIESE DISSIPLINE WAT JY HIERDIE JAAR GEKIES HET.

Jou werk kan in die vorm van 'n enkele stuk, of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een werk gesien word, aangebied word.

Algemene riglyne:


- Jy mag die vraestel met jou Kunsopvoeder voor die begin van die eksamen bespreek.
- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Kunsopvoeder/Opsiener in die kunsklas voltooi word.
- AFDELING B: DIE KUNSWERK mag nie uit die klaskamer geneem word nie. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.
- Grootte: Geen beperkings nie, maar dit moet hanteerbaar en duursaam wees in terme van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressief, dekoratief, ensovoorts wees.
- Jy mag ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

PRAKTIESE EKSAMEN: TEMA

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en is oop vir 'n wye spektrum interpretasies binne jou spesifieke dissipline. Jou interpretasie behoort 'n hoogtepunt te wees van die kreatiewe proses waarmee jy in Graad 10 begin het.

Ontbloot/Bedek

("Reveal/Conceal")



Ontbloot beteken om sigbaar te maak, aan die lig te bring, bloot te lê en te openbaar. Sinonieme is om te wys, te vertoon, te openbaar, bloot te lê, te ontbloot, te ontmasker, te onthul, te ontdek, om openbaar te maak.

Bedek beteken om te voorkom dat iets bekend word, om weg te steek en om geheim te hou. Sinonieme is om onsigbaar te maak, te kamoefleer, te bedek, te begrawe, te omhul, te vermom, weg te steek, te verduister.


Oordink nou jou eie interpretasie van 'ontbloom/bedek'.

Jy mag die volgende interpretasies oorweeg:

- Ontbloom en bedek die menslike liggaam. Dink aan X-strale, breinskanderings en anatomiese aansigte wat die liggaam ontbloom teenoor klere, draperings en bykomstighede wat die liggaam bedek.
- Ontbloom en bedek die verlede of hede. Dink aan argeologie waar die verlede ontbloom word, of hoe die hede ontbloom word in koerante, nuus en tydskrifte. Wat is die kwessies wat jy graag sal wil ontbloom?
- Wat wil jy self ontbloom en bedek?
- Bedek figure en/of ander objekte met verbande, repe materiaal, ensovoorts en ontbloom hulle daarna. Dokumentasie van hierdie proses kan as 'n beginpunt vir jou ondersoek gebruik word.
- 'Bedek' jou kunswerk in kartonhouers of ander strukture sodat die toeskouer dit moet 'ontbloom'.
- Konsep om die onsigbare sigbaar te maak (Paul Klee).

Hierdie tema is oop vir baie interpretasies. Dit kan beskrywend of meer metafories en simbolies wees. Soek 'n oorspronklike en kreatiewe oplossing om 'n ware persoonlike interpretasie te skep.

Die volgende bronne toon sommige interpretasies van hierdie tema en mag as inspirasie vir jou finale werk gebruik word:



Frida Kahlo, *Die Gebreekte Suil*, 1944.



Diane Victor, *Ontbloom ("Strip")*, 1999.


In hierdie werk kontrasteer Siopis twee 19de-eeuse vroue. Dora is vir histerie deur Sigmund Freud behandel, terwyl Saartjie Baartman, 'n Khoisan-vrou, as 'n spektakel tydens byvertonings in Europa vertoon is. 19de-eeuse afbeeldings van Saartjie Baartman is in hierdie werk vasgesteek aan die drapeersels wat Dora se liggaam half **bedek**. Baartman word van alle kante bekyk, dikwels met behulp van 'n vergrootglas of teleskoop.



Penelope Siopis, *Dora en die ander vrou*, 1988. Oliepastel op papier.




Rene Magritte, *Die verliefdes*, 1928.



In "**Surrounded Islands**", 1983, het Christo elf klein eilandjies met 603 vierkante meter pienk polipropileenmateriaal in Biscaynebaai, Miami, Florida, bedek. Die hele gemeenskap was betrokke by die projek. Omgewingsowerhede, marinebioloë, boukontraakteurs, die goewerneur, die plaaslike regering en 'n werkspan van 430 het met die installasie gehelp. Die voltooide projek het 'n pragtige verskynsel van pienk materiaal geskep en soos reusewaterlelies gelyk. Hierdie "toedraai"-projekte is altyd tydelik.




Strijdom van der Merwe het 393 eikebome in die historiese Dorpstraat in Stellenbosch in 2008 met 8 km rooi materiaal bedek om 'n kunswerk van 1,5 km te skep.




Damien Hirst, *"This little piggy went to the market, this little piggy stayed home"*, 1996.
Staal, glas, vark, formaldehydoplossing, elektriese motor.

Die vark is middeldeur gesny en in twee aparte tenks geplaas. Aangedryf op 'n voetstuk deur gemotoriseerde katrolle, gaan die dier heeltyd by homself verby, wat dui op die dolle gejaag van die moderne lewe.



William Kentridge, twee tekeninge uit *"WEIGHTING ... AND WANTING"*, 1997 – 1998.



Christian Boltanski, *Ongetiteld*, 1988.

Boltanski gebruik ou foto's in kombinasie met rye ou blikke om Joodse kinders voor te stel wat tydens die Tweede Wêreldoorlog verdwyn het. Kaal gloeilampe skyn in hulle gesigte en verteenwoordig 'n ondervraging, maar roep ook beelde van die groot slagting ('holocaust') op. Boltanski ontbloot die ware verlede op 'n fiktiewe manier.

ASSESSERINGSKRITERIA

(NASIENERS/EKSAMINATORS SAL HIERDIE KRITERIA VIR ASSESSERING GEBRUIK.)

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/NAVORSING

KRITERIA	
Leerder se intensie/voorstel	10
Ondersoek van 'n verskeidenheid benaderings en idees	10
Ondersoek en eksperimentering van materiale en tegnieke	10
Reflektiewe verslag by voltooiing van taak	10
Tydsbestuur	5
Aanbieding	5
TOTAAL	50

AFDELING B: DIE KUNSWERK/PRAKTIES

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiale/tegnieke	10
Gebruik van formele kunselemente	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	10
Voltooiing van kunswerk/Tydsbestuur	5
Aanbieding van werk	5
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL	100

FINALE PUNT:

AFDELING A [50] plus AFDELING B [50] = 100

Assessering moet volgens die Vakassesseringsriglyne: Visuele Kunste, Bylae 3 gedoen word.

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Uitstaande	90 – 100	Uitsonderlike vermoë, rykheid; insigryk; vloeiend; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. Uitstaande en oorspronklike aanbieding.
Uitstekend	80 – 89	Treffende impak; die meeste van bogenoemde; gedetailleerd; goed georganiseer en koherent; afgewerk; vaardighede sigbaar; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding is oorspronklik en deurdink. Sommige klein gebreke sigbaar.
Baie goed	70 – 79	Goed georganiseer, soos hierbo, maar sonder die 'gloei en sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne; duidelike sorg geneem en moeite gedoen vir oorspronklike aanbieding. Sommige duidelike ongelykhede/foute sigbaar.
Goed	60 – 69	Interessante visuele aanbieding; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig na die gewone en stereotipiese oplossings by tye; genoegsame keuse van relevante visuele bronne; redelike moeite gedoen met aanbieding. Steurende/duidelike ongelykhede.
Gemiddeld	50 – 59	Genoegsaam; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; sommige visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; aanvaarbare aanbieding. Baie steurende ongelykhede.
Onder-gemiddeld	40 – 49	Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie; sommige flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede mag 'n bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding. Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.
Swak	30 – 39	Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; geringe poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysing; algemene tekort aan betrokkenheid. Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.
Baie swak Druip	20 – 29	Baie min inligting; deurmekaar; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting. Geen poging is aangewend om werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied nie. Algemene gebrek aan betrokkenheid/samewerking.
Onaanvaarbaar Druip	0 – 19	Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk; gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. Geen betrokkenheid/samewerking.

TOTAAL: 100